



**Die vlam in die nis in die Voortrekkermonument**

## **1. Wêreldekonomie in die laat 1920's tot 1939 en die invloed daarvan op die Unie van SA**

In die laat 1920's het daar 'n insaking in die VSA ekonomie gebeur. Die kritieke punt daarvan het op 29 Oktober 1929 plaasgevind met die ineenstorting van die "Wall street" beurs in New York. Die "Black Tuesday" se gevolge, wat groot werkloosheid in die VSA meegebring het, het begin opklaar met die uitbreek van die Tweede wêreldoorlog in September 1939. Met die ineenstorting van die ekonomie in die VSA kon hulle nie meer lenings aan ander lande maak nie en het die probleem wêreldwyd uitgekrag selfs tot in Suid-Afrika.

Met die verkiesing van President Franklin D. Roosevelt in 1933 het hy begin met die "New Deal" om meer werksgeleenthede te skep. Baie damme, paaie en ander infrastrukture in Amerika is onder hierdie beleid gebou. In ou films wat oor daardie tydperk in Amerika handel kan gesien word hoe mense agter verwagte werksgeleenthede aangetrek het en so het plakkarskampe, soos wat ons hier in Suid-Afrika ken, ontstaan. Die werksoekers word selfs in die Roosevelt Monument in Washington DC uitgebeeld.

Saam met die tekort aan kontant was daar twee verdere probleme in die Unie van SA nl. die klou aan die goudstandaard en die groot droogte veral in die gebied wat nou as die Noord-Kaap bekend is. Die tekort aan geld het geleid tot baie lae handelspryse vir plaasprodukte en het boere met hul families Johannesburg toe getrek na verwagte werksgeleenthede veral in die goudmyne. Hulle het hoofsaaklik in die voorstede Ferreiraasdorp en Fordsburg onder moeilike omstandighede gaan woon.

Goudstandaard het beteken dat vir elke banknoot wat die Reserwebank uitgerek het daar goud van 'n gelyke waarde in voorraad by die Reserwebank moes wees. Teoreties kon enige persoon so 'n banknoot vir die gelyke waarde se goud inruil by die Reserwebank. Tielman Roos, wat 'n regter en ook 'n parlementslid was, het groot druk op die regering uitgeoefen en is daar in 1931 van die goudstandaard afgestap.

## **2. Kultuurlewe van die Afrikaanse burgers in die Depressie jare**

### **2.1 Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings**

Vanaf 18 tot 19 Desember 1929 het die SA Akademie vir Wetenskap en Kultuur, 'n Taal en Kultuur Kongres onder voorsitterskap van Dr. N.J. van der Merwe in Bloemfontein gehou. Op die Kongres is tot

die stigting van die FAK besluit met Dr. N.J. van der Merwe as die eerste voorsitter. Mev. M.M. Jansen was tot die eerste dagbestuur verkies en was vir 'n geruime tyd die enigste vroulik lid.

## **2.2 Die Afrikaanse Taal en Kultuur Vereniging (SAS en H)**

As gevolg van die swak ekonomiese toestand het baie van die Afrikaners wat na die stede getrek het vir die spoorweë begin werk. Mnre. Robert Carney en Sybrand (Sybie) Jacobus van der Spuy het begin praat oor die moontlikheid om 'n organisasie te stig om die Afrikaner werkers van die spoorweë te vereniging. Mnr. van der Spuy het dit gesien as iets soos 'n Debatsvereniging terwyl Mnr. Carney iets soos 'n vakunie in gedagte gehad het.

Op 19 Augustus 1930 is die ATKV (SAS en H) deur twaalf (12) Afrikaanssprekendes in Kaapstad gestig met Mnr. van der Spuy as die eerste voorsitter.

## **2.3 Die Voortrekkerbeweging**

Tydens 'n vergadering in die ou stadsaal in Bloemfontein op Saterdag 30 September 1931, onder voorsitterskap van Dr. N.J. v.d. Merwe, is daar besluit om 'n beweging vir Afrikaanse kinders te stig. Met etenstyd het Genl. Hertzog, Eerste Minister van die Unie van SA, die eerste Voortrekkers in die pas gestigte beweging ingelyf. Dit ten spyte van die feit dat hy oorspronklik teen die stigting van so 'n beweging was. Gelukkig is hy oortuig om van siening te verander. Na ete het die vergadering hervat en is Dr. N.J. van der Merwe as Hoofleier verkies en later Mev. M.M. Jansen (gade van Adv. E.G. Jansen) as Onderhoofleier sowel as Provinialeleier vir Natal.

## **2.4 Invloed van die drie organisasies op die Afrikaner kultuurlewe.**

Binne sewe (7) jaar na die stigting van die eerste organisasie naamlik die FAK, het die ATKV, (SAS en H) sowel as die Voortrekkerbeweging in die depressiejare al drie met hulle deelname aan die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in 1938, 'n geweldige invloed op die emosionele opwelling van Afrikanerskap gehad.

## **3. Gebeure na 1931 tot 1949**

### **3.1 Simboliese Ossewatrek 1938**

3.1.1 Na die moord van Piet Retief en sy medetrekkers het dit baie sleg met die trekkers in die gebied, nou bekend as KZN, gegaan en is Andries Pretorius genooi om die leierskap van die trekkers oor te neem. Met sy aankoms is beplan en toe oorgegaan na die opruk van die Strafkommando na Umgungunhlovu / Dingaanstad.

'n Paar dae voor 16 Desember 1838 het Andries Pretorius die wens vir 'n Geloofte uitgespreek. Mnre. Sarel Cilliers, Landman en Joubert was die gedagte goedgesind. By die oggendgodsdiens op 10 Desember het Sarel Cilliers die diens by Andries Pretorius se tent geleei. In die slotgebed het hy die drie (3) hoof gedeeltes van die Geloofte aangehaal naamlik as die vyand in hul hand gegee word hul die dag as 'n dankdag in die toekoms sal vier, dat hul 'n kerk tot God se eer sal oprig en dat hul die geskiedenis aan hul nageslag sal oordra.

Die Geloofte is hierna by elke oggendgodsdiens herhaal tot op 16 Desember 1838, die dag waarop Dingaan se mag gebreek is met die Slag van Bloedrivier.

3.1.2 Tydens 'n Gelooftefees by Bloedrivier op 16 Des. 1888 het Pres. Paul Kruger die gedagte vir 'n monument ter huldiging van die Groot Trek uitgespreek. In 1930 het Pierneef weer die saak aangeroer. Op 4 April 1931, tydens die FAK se jaarkongres te Bloemfontein, het Adv. E.G. Jansen (later Dr. E.G.

Jansen en gade van Mev. M.M. Jansen) met die oog op die 100 jaar herdenking van die Slag van Bloedrivier weer na die bou van 'n monument verwys en het die vergadering besluit om 'n Sentrale Volksmonumentkomitee (SVK) onder voorsitterskap van Adv. Jansen te stig.

In 1936 het die SVK besluit dat 'n monument in Pretoria opgerig moet word volgens die planne van argitek Gerard Moerdyk. Die Italiaanse boukontrakteurs, A. Cosani, is aangestel om die Monument vir £175 000 (R250 000) op te rig. Die amptelike sooi spit is deur Adv. Jansen waargeneem op 13 Julie 1937.

Gelukkig was die werk so vêr gevorder dat die amptelike hoeksteenlegging op 16 Desember 1938, in die teenwoordigheid van 'n baie groot entoesiastiese skare, gedoen kon word.

In September 1939 het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek. Cosani wat boumateriaal uit Italië ingevoer het, het gevra dat hul van die kontrak vrygestel moet word. Die SVK het ingestem en hul is £2103 (R4206) betaal vir die werk wat hulle gedoen het. In 1940 het Mr W.F. du Plessis die boukontrak oorgeneem en die projek in 1949 voltooi.

Na die oorlogsverklaring het Genl. J.C. Smuts, Eerste Minister van die Unie geword. Alhoewel alle boubedrywighede tydens die oorlog in die Unie gestaak is het Genl. Smuts toegelaat dat die bouwerk by die Monument voortgaan en het hy ook regeringshulp tot die boukoste toegestaan.

Die Poskantoor het 'n deel van die prys van die spesiale ontwerpte posseëls en eerste dag koeverte tot die monument se boukoste geskenk. In daardie dae het posseëls maar 'n paar pennies gekos (3 pennies of 'n trippens is gelyk aan 2.5c).

- 3.1.3 In April 1937 tydens die ATKV (SAS en H) se jaarkongres by Hartenbos het Mr. Henk Klopper voorsitter van die ATKV se uitvoerende komitee voorgestel dat hul by wyse van 'n simboliese ossewatrek na die Voortrekkermonumentfees deelneem. Die komitee het besluit dat 'n kleiner stinkhout ossewa gebou word wat aan die optog by die hoeksteenlegging in Pretoria sal deelneem. Geleidelik het die uitvoerende komitee van gedagte verander tot 'n groter deelname aan die fees in Pretoria.

Mr. Henk Klopper het 'n trekroete opgestel met inagneming van die trekkers se roetes, beskikbaarheid van voldoende osse en die snelheid waarteen die ossewaens kon beweeg. Die roete is die "*Pad van Suid Afrika*" genoem.

- 3.1.4 Die takbestuurder van die Vacuum Oliemaatskappy te Mosselbaai, Mr. Nico Dekker, het aangebied dat die maatskappy 'n versierde kaart van die roete sal laat druk en uitgee. Die kaarte is in groot hoeveelhede deur die land versprei en het 'n groot bydra gelewer tot die entoesiasme wat vir die simboliese ossewatrek deur die land ontwikkel het.
- 3.1.5 'n Brief is aan die predikante van die Hollandse kerke in die dorpe waars langs die voorgestelde trek sou plaasvind gestuur om hul hulp te vra met die stigting van organiserende komitees in hul dorpe. Die reaksie op die briewe was ongelukkig flou gewees, terwyl by die ATKV se hoofkantoor in Hartenbos daar 'n groot entoesiasme vir die projek was. Die SVK het met geesdrif die ATKV se planne aanvaar en selfs beloftes van hulp aan die ATKV belowe.

Mnr. J Boshoff, 'n ATKV amptenaar, het per motor die voorgestelde "Pad van Suid Afrika" gevolg en organiserende komitees, wat die gedagte van die simboliese ossewatrek met groot entoesiasme aanvaar het, langs die roete gestig.

- 3.1.6 Gebroeders Jonker van Knysna is gekontrakteer om twee waens van uitsoekhout te bou. Die waens was so groot soos 'n boere-perdewa. Die wonderlikste ding het gebeur. Toe die bouprojek eers aan die gang gekom, het hulle verskeie skenkings van wadele en o.a. 'n boere-perdewa van boere ontvang. Die twee voltooide waens is op 24 Julie 1938 per spoor na Kaapstad versend waar hul met groot belangstelling op 5 Augustus 1938 aangekom het. Die twee waens is die Piet Retief en die Andries Pretorius genoem.
- 3.1.7 Op 8 Augustus het mense in Adderleystraat van vroegoggend al bymekaar begin kom sodat teen 15.00 'n geraamde 25 000 persone om Jan van Riebeeck se standbeeld vergader het. Dit was voor die drooglegging van die voorstrandgebied en was die beeld feitlik op die seefront. Na 'n aantal toesprake en 'n paar kanonskote vertrek die waens op "Die pad van Suid Afrika". Die roete van die waens het by die Kasteel verbygegaan waar daar ook 'n program aangebied is voor die lang reis na Pretoria aangepak is.
- 3.1.8 Beplanning was dat een van die waens pos langs die roete sou optel en na Pretoria vervoer. Baie gou is besef dat die vrag te swaar vir die wa sou wees en het nog 'n wa, genoem die Hendrik Potgieter, by Riversdal by die Piet Retief en Andries Pretorius waens aangesluit en verder saam met hulle getrek.
- 3.1.9 Entoesiasme vir die simboliese ossewatrek het so geweldig gegroeи dat daar 'n hele paar skenkings van waens nl. die Hendrik Potgieter, Magrieta Prinsloo, Vrou-en-Moeder, Magdalena de Wet, Johanna van der Merwe, Sarel Cilliers, Louis Trichard, PUK Bloedrivier wa en die Dirkie Uys was. Die waens is op aanvullende roetes tot die hoofroete gebruik. Met tye het hul vir kort rukkies by die hoofroete aangesluit om dan weer op ander roetes weg te breek. Die bestemming van al die verskillende trekke was Pretoria. Na afloop van die simboliese ossewatrek is die waens aan verskillende organisasies vir bewaring geskenk.
- 3.1.10 Die waens het op 13 Desember 1938 in Pretoria aangekom. Daar word deur Mnr. Don Roos vertel dat die stuk oop grond, net Oos van Silverton Laerskool, Voortrekkerpark heet na aanleiding dat die waens 'n nag daar oorgestaan het. Ek kon egter nie enige inligting ter bevestiging daarvan opspoor nie.
- 3.1.11 Die waens is luisterryk op Kerkplein Pretoria ontvang waar die verrigtinge met skriflesing en gebed geopen is deur Dr. C H Rautenbach<sup>1</sup>. Hierna het die waens op die laaste skof na die Monumentterrein vertrek.
- 3.1.12 Tydens die verskillende Trekke is paartjies by die waens getrou en kinders gedoop (ek het 'n dame geken wat by een van die Trekke gedoop is as Ossewaenja Kakebeenja). Laat in die twintigste eeu is bevind dat die huwelike wat by die waens tydens die Trek voltrek is, onwettig was omdat dit nie onderdak soos deur die Huwelikswet van die dag vereis is, plaasgevind het nie. Om verleenheid te vermy is wetgewing toe deur die Parlement aanvaar om hierdié huwelike wel te wettig.
- 3.1.13 'n Groot skare het by Monumentkoppie saamgetrek om die hoeksteenlegging op 16 Desember 1938 te beleef. Die feesverrigtinge het enkele dae geduur.

#### **4. Die 1938 Fakkelloop van Die Voortrekkerbeweging.**

##### **4.1 Kaapstad na Pretoria.**

- 4.1.1 Na die stigting van Die Voortrekkerbeweging in 1931 was hierdie die eerste geleentheid waar die beweging kon deelneem aan iets wat in 'n Volksfees ontwikkel het.
- 4.1.2 In April 1937 het Mr. Japie Heese, Hoofsekretaris van Die Voortrekkers, in die Uniale Omsendbrief geskryf dat 'n reuse laer van drie duisend (3000) voortrekkers by die hoeksteenlegging van die Voortrekker monument in Desember 1938 beplan word.
- 4.1.3 By die Kongres van 21-22 Desember 1937 in Pretoria, word die beskrywingspunt van Klerksdorp "Dat die Hoofbestuur opdrag ontvang dat alle kommando's teenwoordig sal wees by die geleentheid van die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument" aanvaar.
- 4.1.4 Maar wat sou Die Voortrekkers se aandeel aan die feesverrigtinge wees?  
 Oom Bokkie Brink, die reisende sekretaris van Die Voortrekkers, kry die idée van 'n fakkelloop. Sy idée word positief deur die hoofbestuurslede aanvaar maar die gedagte van 'n laer van drie duisend (3 000) Voortrekkers wat kamp oorheers alle ander idees van deelname. In opdrag van die Hoofbestuur vertrek hy in Februarie 1938 na Pretoria. Die reëlingskomitee wat saamgestel is om te help met die organisering van die beplande kamp neem ook die gedagte in beginsel aan.
- 4.1.5 Nadat die Koerante simpatie vir die idée van die fakkelloop ervaar het, het koerantopskrifte onmiddellik hierna "Optog van Die Voortrekkers met fakkels" uitbasuin.
- 4.1.6 Tydens die Transvaalse Voortrekkers se Provinciale Kongres in Maart 1938 neem die idée van 'n fakkelloop vaste vorm aan en weereens is daar die volgende dag groot opskrifte "Fakkelloop van Kaap na Pretoria" ondersteun deur 'n koerant-artikel waarin beweer is "*Duisende jong Voortrekkers sal volgens plan wat nou oorweeg word, elk met 'n brandende fakkel in die hand deelneem aan die grootste afloswedren wat nog ooit in die Suidelike Halfmond gehou is*"
- 4.1.7 Die nuusberigte het die verbeelding van die SVK aangegryp en het hulle verklaar om 'n deeltjie van hul program aan Die Voortrekkers af te staan.
- 4.1.8 Hierna begin die Provinciale besture beplan aan roetes en programme vir die tog van Kaapstad na Pretoria.
- 4.1.9 Daar word gevra en sterk ondersteun deur Oom Badie Badenhorst, sekretaris van Die Transvaalse Voortrekkers, dat dit goedgekeur word dat 'n roete ook van Dingaanstad (Umgungunhlovu) na Pretoria beplan word.
- 4.1.10 Oom Vossie word versoek om 'n fakkel te ontwerp en te laat maak. Uiteindelik is 4 fakkels gemaak. Verder is besluit dat slegs ingelyfde Voortrekkers in uniform aan die Fakkelloop mag deelneem.
- 4.1.11 Die SVK bepaal dat die fakkels die aand van 14 Desember 1938 op die terrein aankom en deur hulle ontvang sou word. Verder is gevra dat aantekeninge oor die vestiging van die blanke beskawing nl. Jan van Riebeeck se Dagboek saam met die fakkel van die Kaap, Pretoria toe gebring word. Prof. J.S. van Heerden, hoof van Pretoria Onderwyserskollege, skenk sy waardevolle en besondere seldsame eksemplaar van die dagboek aan Die Voortrekkers vir hierdie doel.

- 4.1.12 Dr. Hans Rompel bied aan om die fakkelloop te verfilm. Met die hulp van 'n aantal amateur fotograwe word 'n rolprent, "n Nasie Hou Koers", saamgestel en met groot geesdrif vertoon.
- 4.1.13 Die aansteekseremonie in Kaapstad word 'n Proviniale bestuursverantwoordelikheid en is deur Mev. (Dr.) D.B. Bosman en Mnr. I.W. Barnardt, albei Kommandante van Kommando's in die Kaapse Skiereiland, gereël.
- 4.1.14 Om 19.00 Woensdag 30 November 1938 tree al Die Voortrekkers van die Kaapstad en buur kommando's op die parade aan en marsjeer na die Jan van Riebeeck Standbeeld aan die onderpunt van Adderleystraat waar die seremoniële fakkel, wat deur T.O. Honiball (die spotprent tekenaar) ontwerp en gemaak is, staan.
- 4.1.15 Na die verwelkoming en afhandeling van toesprake, nooi Oom Vossie Mev. M.T. Steyn (weduwee van Pres. Steyn) om die seremoniële fakkel voor die baie groot skare van tienduisend (10 000) belangstellendes aan te steek.
- 4.1.16 Na verdere toesprake tree Prof. Ben Taute na vore en sê:  
*"Deur hierdie fakkel te salueer, het julle te kenne gegee dat julle alles salueer wat ons wawiel en brandende fakkel verteenwoordig, alles wat vervat is in ons Wet en Belofte."*  
 Die fakkel wat hy omhoog hou word nou by die seremoniële fakkel aangestEEK.
- 4.1.17 Mev. M.T. Steyn hang terselfdertyd die rugsak waarin Jan van Riebeeck se dagboek is, aan die voortrekkerdogter J. Hartman, se rug. Nadat die hooffakkel en die ondersteunende fakkel aangestEEK is vanaf die seremoniële fakkel word die vlam daarvan gedooF. Fred Sadie en Voortrekkerdogter, J. Hartman, spring weg op die eerste skof van die fakkelloop vanaf Kaapstad na Pretoria.
- 4.1.18 Dwarsdeur die Kaapprovincie en die Vrystaat is die fakkels en rugsak deur Voortrekkers groot en klein gedra.
- 4.1.19 In die Kaap word selfs monumentjies opgerig by Kruidfontein deur die Ceres Kommando op pad Willowmore toe, en op Willowmore self deur die kommando's van Willowmore en Beaufort-Wes.
- 4.2. Dingaanstad na Pretoria**
- 4.2.1 In Natal was skole se eksamentyd nog aan die gang en was deelname aan die fakkelloop tot drie (3) kommando's beperk. Die roete het ook deur Zoeloeland gegaan waar dorpe vêr uitmekaar was en geen Voortrekker kommando's bestaan het nie. Die probleem is oorbrug deur die samestelling van 'n aflosspan van gesamentlik 25 jeuglede en volwassenes.
- 4.2.2 Op Woensdag 7 Desember 1938 by die Traktaat Monument in Umgungunhlovu (vermoedelik die plek waar Piet Retief en Dingaan die traktaat onderteken het), het lede van die aflosspan 'n erewag vir die seremoniële fakkel se aansteek gevorm. Na afloop van toesprake is die seremoniële fakkel met brandende gras, wat met 'n tonteldoos en vuurstag deur Mnr. Jopie Joubert van Vryheid aangestEEK is, aangestEEK.
- 4.2.3 Die brandende seremoniële fakkel en 'n voortrekkerflag is onder begeleiding van 'n erewag van afloss spanlede na die Retiefgraf aan die voet van Hlomo Amaboeta geneem. Na die lê van kranse op die graf word die Natalfakkel vanaf die seremoniële fakkel aangestEEK en die aflosspan met Mnr. Jopie Joubert as die eerste draer van die fakkelloop na Pretoria begin.

- 4.2.4 Hulle het die fakkel en leersakkie waarin die tonteldoos, vuurslag, afskrif van Retief se Traktaat, 'n vergulde kopie van die Gelofte altesame omtrent 160 Km (100 myl) na die Bloedrivier terrein, waar die Wenkommando onder Genl. Andries Pretorius Dingaan se mag op 16 Desember 1838 gebreek het, gedra. 'n Klippie van die terrein is ook in die leersakkie geplaas
- 4.2.5 Om 14:30 op 9 Desember 1938 kom die Fakkel op die grens tussen Natal en Transvaal by die Pongolabrug aan waar die Piet Retief kommando dit in ontvangs neem. Die fakkel word deur verskeie kommando's hiervandaan oor Germiston na die Vaalrivierbrug by Vereeniging gedra. In die aand van 13 en 14 Desember 1938 dra die Heidelberg kommando in die laaste skof die Natal-fakkel tot op die brug.
- 4.1.6 Die Natalfakkel sluit op die brug by die Kaapfakkel aan wat reeds vroeër aangekom het. Oom Badie Badenhorst neem namens Transvaal die twee Fakkels in ontvangs. Die reëlings is dat die twee (2) fakkels hiervandaan saam om 02:00 na Pretoria toe vertrek.
- 4.1.7 Vir die skare van tienduisend (10 000) wat die aankoms van die twee (2) fakkels afgewag het is 'n Kampvuur gereël. Die seremonie op die brug was simbolies van die ontmoeting tussen Presidente Kruger en Steyn en is uitgebeeld deur Mej. M.J. en M.G. van der Merwe geklee in die vlagkleure van die twee (2) Boere Republieke.
- 4.1.8 Die Vereeniging kommando dra die fakkels na Danie Theron se graf in Eikenhof vanwaar die Johannesburg veldkornetskappe die Fakkels oorneem tot in Johannesburg.
- 4.1.9 Die Burgemeester van Johannesburg, Raadslid J.J. Page, ontvang die fakkeldraers voor die Stadshuis waar hy medaljes wat hy spesiaal laat slaan het aan die fakkeldraers oorhandig tesame met 'n brief wat sy boodskap aan Dr. E.G. Jansen, Voorsitter van die SVK, bevat.
- 4.1.10 Die fakkels word hiervandaan deur die Pretoria kommando's oorgeneem vir die laaste skofte na Pretoria.

#### **4.3 Aankoms van die fakkels in Pretoria.**

- 4.3.1 In Pretoria verwelkom 'n groot opgewonde skare van sestig duisend (60 000) mense die "Lig uit die suide" en "Die ligstraal van moordheuwel" feestelik met vuurpyle en seinvure op die koppies om Pretoria.
- 4.3.2 Die laaste twee draers van die hooffakkels Marie Boshoff van Pretoria en Deon Conradie van Windhoek neem die hooffakkels oor en word deur die ongeveer twee (2) km lange ligstreep van drie duisend (3 000) Voortrekkers met brandende fakkels oor die koppie van die suidekant gevolg.
- 4.3.3 Die laaste fakkeldraers neem die fakkels na die verhoog waar Dr. E.G. Jansen, Voorsitter van die SVK dit in ontvangs neem saam met die rugtas uit die Kaap met Jan van Riebeeck se dagboek in en die leersakkie uit Natal met die tonteldoos, vuurslag, Retief Traktaat, vergulde afskrif van die belofte en die klippie van die Bloedrivierterrein in. Die gedenkartikels is saam met ander items waaronder 'n afskrif van Die Stem in die Hoeksteen van die Voortrekker Monument geplaas.
- 4.3.4 Dr. E.G. Jansen se verwelkomingswoorde was:  

*"Mag ons almal as Afrikaners die verantwoordelikheid besef wat op ons rus om in ons eielewens die fakkel van lewensbeskouing van die Voortrekkers omhoog en aan die brand te hou en steeds verder*

*en verder te dra om die donker dele van ons volkslewe te verlig, totdat die seremonievuur van ons volkslewe so sal opvlam dat dit ons land helder sal verlig en 'n seinvuur sal word vir die hele wêreld."*

- 4.3.5 Die twee fakkels met die rugsak en leersakkie is toe na die voortrekkerlaer geneem vir veilige bewaring. Hier is die twee fakkelvlamme seremonieel verenig in een fakkel terwyl Dr. N.J. van der Merwe plegtig die tweede fakkelvlam gedooft het.
- 4.3.6 Die oggend van 16 Desember 1938 is die fakkel deur 'n erewag van hoofbestuurslede na die verhoog by die voetstuk van die Monument gedra en amptelik aan Dr. E.G. Jansen oorhandig.
- 4.3.7 Omdat die Monument nog nie gebou is nie het Dr. E.G. Jansen die brandende fakkel aan Die Voortrekkers oorhandig vir veilige bewaring tot tyd en wyl die Monument klaar gebou is. Op 17 Desember 1938 het Dr. N.J. van der Merwe vergesel van 'n klein erewag die fakkel na die Universiteit van Pretoria geneem. Die Universiteit het onderneem om die brandende fakkel in die Ou Lettergebou se voorportaal veilig te bewaar in 'n spesiale houer totdat die Voortrekkermonument klaar gebou is. Iets wat eers elf (11) jaar later voltooi is as gevolg van die uitbreek van die Tweede wêreldoorlog in September 1939.
- 4.3.8 In 1949 met die ingebriukneming van die Monument het Prof. C. H. Rautenbach<sup>1</sup> die brandende vlam aan Die Voortrekkers teruggegee vir plasing in die nis in die Senotaafsaal, waar dit nogsteeds brandend is.

#### Nota:

<sup>1</sup> 'n Ouer broer van my Pa, op daardie stadium was hy 'n predikant in die Nederduits Hervormde Kerk en van 1948 tot 1970 Rektor en Visie-Kanselier van UP.

#### Bronne:

1. Fakkelloop Gedenkboek van Die Voortrekkers 1938 in opdrag van die hoofbestuur saamgestel deur Neef Kobus Coetzee. Gedruk deur Nasionale Pers Beperk, Kaapstad.
2. Gedenkboek van die Ossewatrek 1838-1938 opsteller Dirk Mostert Uitgegee op gesag van die ATKV (SAS en H). Gedruk deur Nasionale Pers Beperk Kaapstad 1940
3. Ons Hou Koers deur J de V Heese, Hoofsekretaris van Die Voortrekkers Gedruk deur Nasionale Pers Beperk Bloemfontein en Port Elizabeth 1942.
4. Verskeie Google soektogte: CR/Jan2018.



1. Mev. M T Steyn met seremoniëlefakkel.



2. Monument te Kruidfontein



3. Monument te Willowmore




4. Fakkel by Voortrekker HK in Pretoria



5. Aankoms van fakkels in Pretoria.



6. Fakkel-optog by aankoms



7. Dr. N J van der Merwe oorhandig fakkel aan Dr. E G Jansen op 16 Desember 1938 net voor die Hoeksteenlegging. (Links op die foto is die fakkel tussen die twee (2) persone net regs van die regter stutpaal.)



8 Munt- en Kruis-kant van die 1938 Fakkelloop medalje wat deur W H Coetzer ontwerp is en deur Uniewinkels Ko-op. Beperk, Kerkstraat 275, Pretoria teen 7/6 (75c in vandag se geldstelsel) stuk verkoop is. Vir bestellings van meer as 10 was die koopprys 6/0 (60c in vandag se geldstelsel)